Geliefde Lourensrivierder

Baie-baie dankie vir elke boksie wat hier aangekom het vir boervroue, boere en kinders regoor die land waar droogte almal op hul knieë het. Ek deel vandag met jou ‘n anonieme brief wat geplaas is op die Facebook “Boks vir Boervrou”.

“Hoe beskryf jy droogte aan ‘n kind? Ek weet nie. Ek weet regtig nie. Hierdie breek my meer as droogte self. Ek wil huil en lag hieroor want my meisiekind vra ‘n vraag wat ek as grootmens nie weet hoe om te antwoord nie.
“Dis eina. Dis diep. Dis iets wat ek nie kan beskryf nie. Dis in jou siel en in jou wese. Dis in jou wakker word en in jou slaap. Dit maak jou mal en dit maak jou nederig. Dit maak jou huil as jy nie ‘n emosionele mens is nie. Dit maak dat jy ‘n lorrie met voer van voor sien kom en jy flikker ligte, begin huil en gooi ‘n nederige dankie aan daardie vreemdeling. Dit breek jou. Dit maak jou wakker lê met jou hand op jou Boer se skouer en bid en seën en hoop EN pleit. Ek kan nie hierdie droogte breek nie my kind. Ek is hopeloos te min, maar vir jou, jou boetie/sussie en vir jou pappa is ek hier en ek gaan nêrens. Jesus het in ‘n tannie van ‘n vreemde dorp vir ons ‘n boks gestuur. Weet jy wat is daarin? Bederfies! Ons is geseën en die genot op jou gesiggie as jy saam met my daardie boks uitpak is “priceless”. Ek en pappa sal sorg dat jy en jou boetie alles kry wat julle moet hê. Julle maak dat ek en pappa elke oggend wakker word met vuur in ons. Julle maak dat niks ons sal keer nie en dat ons nooit sal ophou probeer nie. Maar ek weet in my diepste wese, hierdie definieer ons nie. Jy wat elke keer as daar net een druppel val skreeu DANKIE JESUS laat my glo droogte het jou geloof gekweek. Jy laat my op my knieë sak en weet, als is nie verniet nie. Jy glo soos net ‘n kind kan en ek volg jou voorbeeld.”
Ons is nog geseën, ander mense is erger af maar ek en my huis weet nou van genade. Dit reën nie water nie (nog nie!) maar dit reën genade.”

Indien enige iemand nog iets wil bydra: Hier is die volgende omgee-projek♫
Daar is iemand wat dit by ons sal kan kom optel, dus kan jy enige tyd dit by die kerkkantoor kom aflaai.

Ek plaas ‘n video op ons FB blad (LourensrivierSeMense) van ‘n brief wat ‘n boer geskryf het. Gaan kyk dit asseblief. Dit leer ons van oorgee, omgee aangee en genadereën in die harte van Jesus-kinders!

NUUSKRUMMELS: 21 NOVEMBER 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

ONTHOU ASB SONDAG IS KERSSANGDIENS & NAGMAAL @ 09H00♫

DINAMIET KIEDZ HET HUL EIE KERSDIENS IN DIE SAAL

Leesrooster: Fokustekste

Advent 2018 tot Advent 2019

Datum	Sondag	Sleutelteks
02 Des. 2018	Eerste Sondag in Advent	Lukas 21: 25-36
09 Des. 2018	Tweede Sondag in Advent	Lukas 3: 1-6
16 Des. 2018	Derde Sondag in Advent	Lukas 3: 7-18
23 Des. 2018	Vierde Sondag in Advent	Lukas 1:39-45, (46-55)
25 Des. 2018	Kersfees	Titus 2:11-14
30 Des. 2019	Eerste Sondag na Kersfees	Psalm 148
06 Jan. 2019	Epifaniefees	Matteus 2:1-12

Vir diegene wat belangstel en dit gebruik, hier is die Fokustekste vir Desember en eerste week in Januarie 2020

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

DEMENTIA CONVERSATIONS
BY LIVEWELL VILLAGES™

DETAILS: 27TH NOVEMBER | 10:30 AM
LIVEWELL VILLAGES, SOMERSET WEST

SPEAKER: IAN EDWARDS

THE FINANCIAL IMPLICATIONS AND POTENTIAL SHORTFALLS ONE WOULD FACE WHEN DIAGNOSED WITH DEMENTIA, WITHOUT HAVING ADEQUATELY PLANNED.

As a Partner for Austen Morris Associates, Ian leads with an entrepreneurial vision, team-centric approach and high personal expectations. He is a top performing Global advisor which has earned him the respect of his peers and the industry. Business development is a fundamental personal skill, leveraged through relationships built on trust and professionalism over many years of advisory. Ian has developed specialist offshore structuring (personal, company and board) and investment knowledge and skills, and has had a successful managerial and consulting career in international advisory. He has held multiple managerial and senior consulting positions which include managing large teams with an excess of $100 million in assets under management of individual client investments. Ian is focused on delivering exceptional client value and client experience.

RSVP: supportct@livewell.care| Tel: 021 851 6886

VERSOEK VAN HUIS JAN SWART

ACVV

Huis Jan Swart benodig die dienste van ‘n haarkapster twee dae per week om die bejaardes se hare te was, knip en stileer. Die Tehuis het die fasiliteit, verskaf die krag en water, die persoon moet net sy eie haarsny en indraai toerusting bring.
Die dienste sal net tot die eerste week in Januarie 2020 benodig word.
Enige iemand wat belangstel of weet van iemand kan Henriette kontak.

Henriette Heydenrych:
Bestuurder
Tel: 021 854 3763
henriette@huisjs.co.za

ACVV lewer maatskaplike dienste aan kwesbare kinders, gesinne, vroue en ouer persone/
ACVV renders social services to vulnerable children, families, women and older persons

·SAAM IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP · TOGETHER IN SERVICE OF THE COMMUNITY·
·SIKUNYE KWIINKONZO ZOLUNTU · RE MMOGO MO DITIRELONG TSA LOAGO·

HELEN
DeWet-Krige

BA SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140
www.helendewetkrige.co.za | helendwk30@gmail.com
082 781 8391

Praktyk Nr 08200008203423 | HPCSA Reg. Nr STA0003727

KNIEWERK:

- Ons innige meegevoel met Annie du Plessis en familie met die heengaan van haar man, Dupie.
- Petrie se ma in hospitaal
- Hannes Hauman vir spoedige herstel na operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK: KOL. 1:11-20 (24STE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

In die kerkjaar staan Sondag bekend as "Sondag van Christus die Koning". Op hierdie Sondag word beklemtoon dat Christus die Middelaar is, die Koning van die heelal. Ons teks help ons om hierdie waarheid oop te breek. Dit lei ons daartoe om te besef dat Christus die antwoord is op die onwaarhede of dwaalleringe wat ons ook in ons hedendaagse lewe weglei van Christus as die Middelpunt in ons lewe.

Dit kan goed wees om na te dink oor versoekings in die lewe wat ons makliker en eerder aanhang as geloof in Christus. In 'n wêreld wat in 'n groot mate kapitalisme aanhang, kan geld-hebsug dikwels ons lewe beheers. Die najaag van rykdom word ons koning.
Ons kan selfs glo ons redding lê daarin. Ons kan selfs verval in 'n denkraamwerk (of selfs dwaalleer) waar ons begin glo daar is al hoe meer mag in die lewe en selfs in ons persoonlike verhoudings wat tot ons redding sal kom.
Die ander dwaalleer is dat God "weg" is, of dat God 'n mite is, dat ons eintlik maar net alleen op hierdie wêreld is, dat die dood die einde van alles is.
Ons moet self sin in die lewe probeer skep, of onsself aan sinloosheid oorgee.
Hierdie, en ander "konings" of "regeerders" in ons eie lewe, neem ons weg van die waarheid dat Christus ons Here en Middelaar is.

Bron: http://preke.bybelmedia.org.za/

Alles Vir My deur Retief Burger
Kliek hier op skakel vir musiekvideo of tik die naam in op Youtube:
https://www.youtube.com/watch?v=pYKXiHxE9qo

Ek staan vandag soos duisende voor my
Met 'n vuur hier in my hart voor U
Deur al die eeue heen is U naam besing
En saam met engele wil ek ook nou iets bring
My woorde is min, maar hier moet ek begin want U is...
Alles vir my
U is die lied hier op my lippe
U is die naam wat ek bely
U is alles vir my
U's my begin U is my einde
U's my weg U is my lewe

U is alles vir my, en U is genoeg

Ek weet dat U my elke lofsang hoor
Al wil twyfel die geloof in my kom smoor
Solank as wat ek leef sal ek U prys
Tot die dag wat ek ook veilig by U is



Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE